

12 September 2021

Graad 4 – 7 Kategese

OUPA ABIE GESELSBLAD

Jakobus 3:1-12

wat wil jy vandag **bereik**?
God se kinders praat reg en mooi. Ons beheer die woorde wat by ons mond uitkom.

ons **storie**: waar is ons nou?)

Wanneer het jy lus om lelik te praat?

Het iemand al lelike goed vir jou gesê? Hoe lank voel 'n mens nog sleg daarna?

Sê nou maar net mense begin om mooier en netjieser met mekaar te praat, wat sal in ons land gebeur?

GOD se **storie**

wat sê **die Bybel** (daar en dan)

Lees **Jakobus 3:1-12** saam as 'n groep of familie.
Kyk dan die **Oupa Abie video** wat gaan oor die teksgedeelte

nouts
praktiese wysheid...



Nous volg drie hoofbewegings in ons kategese-benadering.

1. Ons eie storie

Die eerste gedeelte vra vrae oor ons huidige belewenisse en sienings oor 'n sekere tema.

2. God se storie

Die tweede gedeelte hanteer die teks van die week. Meesal gaan die Abie video daaroor. Vrae oor die teks word gevra.


3. Ons nuwe storie

In die laaste fase gesels ons oor die betekenis van God se storie in ons lewens. Ons integreer wat ons gehoor het, by ons eie lewens.

Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd

"Scroll" bietjie deur Instagram, Facebook of TikTok. Kyk hoeveel dinge sê mense wat opbouend is en hoeveel dinge sê mense wat neerhalend is.

Julle kan ook 'n koerant deurblaai (of aanlyn bekyk) en sien watter dinge mense van mekaar te sê het.



gesels dan oor die volgende saam

Hoe help Oupa Abie jou om oor die teks te dink?

Jakobus gebruik die idee van 'n skeepsroer om te verduidelik wat ons tong alles kan aanvang. Watter ander voorbeelde gebruik hy in die teks?

Hoekom is woorde vir Jakobus so belangrik?

Wat het ons manier van praat uit te waai met ons geloof? Wat sê Jakobus daarvan?

ons **nuwe** storie (verder en voor)

(Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons)

Hoe laat Jakobus 3 jou anders dink oor jou woorde en taal?

Is daar dalk dinge wat jy van ander mense sê, wat jy nou sal wil verander? Van wie? Waartoe? Hoekom?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Dank God wat mooi met ons praat en ons lewens nuut maak.

Bid dat ons woorde en taal sal pas by ons geloof.

Bid vir God se kinders om reg en opbouend van mekaar en die wêreld te praat.

